little seeds
watch us grow
UNIT FOR EARLY CHILDHOOD DEVELOPMENT
EENHEID VIR VROEËKINDONTWIKKELING

# BELANGRIKE KENNISGEWING

Hierdie dokument is nie ‘n amptelike beleid van die N.G Kerk of V.G Kerk nie. Dit dien as ‘n gespreksraamwerk en voorbeeld vir gemeentes se kerkrade om die gesprek oor kinders se veiligheid in hul midde na te dink, te bid en te bespreek. Kerkrade word aangemoedig om te werk na die opstel van ‘n gemeentespesifieke kinderbeskermingsbeleid. Alhoewel Little Seeds Eenheid hierdie dokument met groot sorgvuldigheid en korrektheid opgestel het, bly die gemeente se kerkraad verantwoordelik om die korrektheid van hul beleid te toets en verantwoordelikheid te aanvaar vir die uitvoering daarvan.

## Inleiding

Alle kinders behoort aan God en daarom behoort ons hulle te koester, beskerm en ontwikkel. Die Kinderwet van Suid-Afrika (Wet 38 van 2005, soos gewysing deur Wet 41 van 2007) skep die wetlike raamwerk waarbinne elke gemeente hul werk aan, met en deur kinders rig.

Die doel van hierdie dokument is om elke dooplidmaat van VGK/NG, asook elke ander kind wat aan ons aktiwiteite deelneem, te koester en te beskerm. Hierdie dokument bied ook beskerming aan die gemeente se leierskap en lidmate.

## Hoe werk hierdie dokument?

Hierdie is ‘n werksdokument. Dit beteken daar is ruimte vir die gemeente om die dokument aan te vul met inhoud wat eie aan die gemeente is. Neem die geleentheid om goed na te dink oor die kinders en die mense wat met kinders in julle gemeente werk.

Wanneer julle die dokument voltooi het, gesels dit met jul gemeente se leierskap asook almal wat direk met kinders in julle gemeente werk, deur. Julle kan ook ouers na die

gesprek toe nooi. Hou ‘n afskrif van die dokument op ‘n sentrale plek (bv die kerkkantoor), en hersien en pas dit aan soos nodig.

Die dokument bestaan uit die volgende dele:

1. Teologiese denke oor kinders
2. Kinderwet van Suid-Afrika
3. Konteks van die beleid
4. Definisies van misbruik
5. Verbintenis
6. Riglyne vir algemene kinderbeskerming in die kerk
7. Aanmeldingsprosedure
8. Vorms

## 1. Teologie van kinders

> *Hê ‘n gesprek met julle gemeente se leierskap oor hoe julle teologies oor kinders dink en handel. Die volgende teologiese konsepte kan julle gesprek rig:*
>
> ***Verbond:** God se belofte of ‘n God vir Abraham se nageslag te wees.*
>
> ***Christus:** Kom as kind, praat spesifiek met en oor kinders, sluit hulle by sy wonderwerke in, praat oor kindskap en Koninkryk*
>
> ***Sakrament:** Doop bevestig God, die ouers en die gemeente se verbindtenis aan kinders*

## 2. Kinderwet van Suid-Afrika

Elke mens wat direk met kinders werk, is onderworpe aan die Kinderwet 38 van 2005 (soos gewysig deur Wet 41 van 2007). Die wetgewing is dus ook van toepassing op die bediening aan, met en deur kinders van 18 jaar en jonger.

Die hoofdoel van Suid-Afrikaanse Kinderwet is om families te behou en versterk, en om kinders se konstitusionele regte te beskerm. Dit sluit in:

- Toegang tot gesinsorg of alternatiewe sorg wanneer ‘n kind nie by sy/haar familie kan wees nie,
- Toegang tot maatskaplike dienste,
- Beskerming teen misbruik, mishandeling en verwaarlosing,

- Versekering dat daar oral waar dit die kind raak, in sy/haar beste belang opgetree sal word.

Hierdie beleid vervang nie die wetgewing nie. Gemeentes word aangemoedig om hulself te vergewis van die totale wetgewing, verkrygbaar by www.gov.za/documents/childrens-act

### 3. Konteks van die beleid

> i *Dink saam aan wie almal in julle gemeente het kontak met kinders deur die verskillende bedieninge van die gemeente. Maak 'n lys en vul die onderstaande lys aan. Hierdie beleid is op al hierdie mense van toepassing.*

*"The Children's Act Guide for Drop-In Centre Managers"* het die volgende kategorieë mense geidentifiseer op wie die Kinderwet van toepassing is:

- *Parents, guardians and caregivers of children;*
- *Civil society organizations,*
- *Companies;*
- *Organs of state including national, provincial and local authority departments;*
- *All social services-providers responsible for the care and development of children, such as educators, social workers, doctors, nurses and other officials,*
- *Anyone who works directly or indirectly with children."*

Die kerk word geklassifiseer as 'n "civil society organization", wat weekliks direk met kinders werk. Daarom is hierdie beleid van toepassing op elke individu wat, d.m.v die gemeente se bedieninge, direk met kinders werk. Die gemeente se leierskap moet die beleid jaarliks hersien. Die beleid moet jaarliks onderteken word deur:

- Leraars en jeugwerkers
- Kerkraad
- Kerkkantoor personeel
- Kategete
- Jeugleiers
- Toesighouers/oppassers

Buiten die gewone Sondag-aktiwiteite, is hierdie beleid ook geldig tydens:

- Uitreike

- Kampe
- Sosiale geleenthede
- Vakansie programme

Die Kinderwet maak voorsiening vir ‘n databasis om mense te identifiseer wat nie geskik is om met kinders te werk nie. Die Nasionale Kinderbeskermingsregister bestaan uit twee dele. Afdeling A hou register van alle kinders wat aan doelbewuste verwaarlosing en mishandeling blootgestel is. Afdeling B hou register van mense wat onbevoeg verklaar is om met kinders te werk. Sien afdeling 120 van die Kinderwet, afdeling 120(a) en (b) van die Children’s Amendment Bill.

Wanneer individue in die gemeente met kinders werk moet die individu kan bewys dat sy/haar naam nie op die Kinderbeskermingsregister verskyn nie. Dit word gedoen deur Vorm 29 of Vorm 30 te voltooi, en na die Direkteur Generaal van Maatskaplike Ontwikkeling te stuur. Die plaaslike Kinderbeskermings organisasie/Badisa Maatskaplike werk program sal ook behulpsaam kan wees om in hierdie verband.

## 4. Definisies van mishandeling

Leiers en vrywilligers het outoriteit en mag oor kinders a.g.v hul posisie in die gemeente, ouderdom, volwassenheid, fisiese krag, asook lewenservaring. Mishandeling ontstaan wanneer hierdie magsposisies misbruik word. Kinders kan nie die misbruik teenstaan nie a.g.v die magsbalans tussen volwassenes en kinders, veral in die konteks van ‘n kerk. Daarom is dit uiters belangrik dat elke persoon wat in ‘n leiersposisie teenoor ‘n kind staan, gehoor sal gee aan hierdie beleid.

**Kindermishandeling kom voor in die volgende gedrag teenoor kinders:**

• Fisiese mishandeling: Enige doelbewuste of onverskillige gedrag en optrede wat fisiese beserings aan ‘n kind bring.

• Seksuele mishandeling: Enige seksuele daad (insluitend blootstelling aan pornografiese materiaal) wat aan of met ‘n kind gedoen word of toegelaat word.

• Emosionele mishandeling: naam-noemery, dreigemente, intimidasie, isolasie, afkrakery ens. Dit geld ook vir enige interaksie op sosiale media.

• Teistering: ongevraagde optrede deur fisiese aanraking, agtervolging, ongevraagde opmerkings.

• Verwaarlosing: weerhouding van kos, klere, veilige huisvesting, gesonde higiëne, mediese sorg, ens.

• Kinderarbeid

• Geestelike mishandeling: om die posisie van invloed en leierskap te gebruik om ‘n kind te domineer en manipuleer, en om godsdienstige taal te gebruik om die gedrag te regverdig.

## 5. Verbintenis

> *Wat is die minimum vereistes waaraan ‘n individu moet voldoen om ‘n vrywilliger te kan wees by julle gemeente se bediening aan kinders? Voeg dit gerus by die vereistes wat die Kinderwet van Suid-Afrika stel. Hier is ‘n voorbeeld:*

In NG/VGK (naam) is dit belangrik dat ‘n vrywilliger/leier:

- Vanuit ‘n lewende verhouding met Jesus Christus lewe,
- Lief is vir kinders,
- Gehoor sal gee aan die bepalings van die Suid-Afrikaanse Kinderwet,
- Vorm 29 of Vorm 30 voltooi, sodat die vrywilliger seker maak dat sy/haar naam nie op die Kinderbeskermingsregister verskyn nie,
- Enige tekens van kindermisbruik dadelik aan te meld volgens die aanmeldingsprotokol van hierdie beleid,
- Nie medikasie aan kinders toedien nie,
- Nie foto’s/videomateriaal van kinders neem sonder om skriftelike toestemming van hul ouers te verkry nie,
- Foto’s/videomateriaal van kinders via sosiale media versprei sonder die skriftelike toestemming van ouers,
- Toe te laat dat kinders mekaar afkraak (boelie-gedrag) of self aan die afkrakery deelneem nie.

As vrywilliger verbind ek my om:

- Myself te vereenselwig met die inhoud van hierdie beleid, dit te onderteken en uit te leef,
- die nodige opleiding wat die gemeente bied tov kleuter/kinder/jeugbediening, by te woon,
- om teenwoordig te wees wanneer ek moet,
- voorbereid te wees,
- in alles, die Here se hart vir kinders asook kinders se beste belang op die hart te dra.

## 6. Riglyne vir kinderbeskerming

> *Die volgende is slegs riglyne en voorstelle van ‘n gedragskode vir vywilligers wat met kleuters/kinders en jeug werk. Julle gemeente kan nog byvoeg. Die belangrikste is dat die beste belang van kinders hoog geag moet word.*

**Algemene riglyne:**

- Lokale en omgewings waar kinder-aktiwiteite plaasvind, moet veilig vir kinders wees, en volwasse leiers moet ten alle tye die veiligheid van die kinders in gedagte hou, veral met aktiwiteite en speletjies.
- Privaat gesprekke moet plaasvind in ruimtes wat die privaatheid van die gesprek respekteer, maar nog steeds publiek is. Gesprekke met ‘n kind mag nooit agter toe deure plaasvind nie.
- Wanneer ‘n kind ‘n saamry-geleentheid benodig, moet die kind se ouers direkte toestemming daarvoor gee, via ‘n telefoonoproep of ‘n boodskap.
- Voorskoolse kinders wat badkamer toe moet gaan, moet deur ‘n volwassene vergesel word. Die volwassene moet by die badkamer se deur toesig hou. Indien die kind hulp nodig het, moet dit met ‘n oop deur geskied.
- Fisiese aanraking moet tot ‘n minimum beperk word, bv ‘n “high five” of ‘n kant-drukkie. Die aanraking moet altyd in die openbaar plaasvind, toepaslik wees vir die kind se ouderdom en verkieslik deur die kind self geinisieer word.
- Geen medikasie mag aan ‘n kind uitgedeel word nie.
- Leiers mag onder geen omstandighede lyfstraf toepas of op kinders skree nie.
- Leiers mag nooit ‘n kind alleen agterlaat by die kerkgebou nie. Volwassenes moet saam met die kind wag tot ouers die kind kom afhaal.
- Leiers moet enige voorvalle en insidente wat tot ongemaklikheid gelei het, konflik veroorsaak het of beserings wat plaasgevind het, rapporteer aan hul bedieningsleiers/gemeenteleierskap.

**Die neem van en verspreiding van foto’s en video’s:**

- Kinders se ouers moet skriftelike toestemming gee vir hul kinders om op foto’s en video’s te mag verskyn.
- Wanneer foto’s en video’s geneem word, mag dit nie sonder ouers se skriftelike toestemming via sosiale media (Whatsapp/Facebook/Instagram/TikTok ens) versprei word nie.
- Wanneer foto’s/video’s op sosiale media versprei word, mag dit nooit kinders in ‘n slegte lig stel nie.

- Elemente wat kinders kan identifiseer bv skoolwapens, ens, moet verwyder word.

**Sosiale media:**

Die beleid erken dat sosiale media ‘n platvorm vir bediening aan veral tieners is. Om hierdie bediening veilig te hou, moet die volgende riglyne gevolg word:

- Interaksies en gesprekke oor sosiale media moet altyd die beste belang van die kind dra, positief en opbouend wees.
- Interaksies moet ter alle tye beskikbaar en toeganklik vir ouers wees.
- Aanlyn-interaksie moet binne redelike ure geskied. Vermy laat-aand whatsapp-gesprekke met kinders.
- Die volwasse leier moet sover dit van die leier afhang, die trant van whatsapp-groepe positief, opbouend en in lyn met die kerk se getuienis hou. Die leier moet redelike stappe neem om negatiewe en “skinder”-gesprekke te ontmoedig.

## 7. Aanmeldingsprosedure

*Hierdie is die prosedure om te volg wanneer daar vermoed word dat ‘n kind misbruik word, of as ‘n kind dit self by ‘n volwasse leier aanmeld. Dit is baie belangrik dat ouers, asook elkeen wat met kinders werk hulself sal vergewis van hierdie prosedure. Elke gemeente moet die ontbrekende kontakbesonderhede invul.*

**Wanneer ouers/volwassenes vermoed dat ‘n volwasse leier kinders misbruik:**

- Kontak die bedieningleier by ……….. en die Voorsitter van die kerkraad by ……………………….
- Volgens die Kinderwet van Suid-Afrika, word godsdienstige leiers verplig om enige bewerings van kindermisbruik by owerhede aan te meld. Maak dadelik kontak met die naaste Kinderbeskermingsorganisasie of Badisa Kantoor. Die leierskap van die gemeente verbind om volle samewerking te gee met ‘n onafhanklike ondersoek asook die aanmeldingsproses by die naaste polisiestasie.
- Indien ‘n leier van enige wangedrag teenoor ‘n kind beskuldig word behoort hy uit sy/haar posisie verwyder te word en alle kontak met die kinders verbreek hangende ‘n ondersoek deur die gemeentegesag of owerhede.

- Die uitslag van die onafhanklike ondersoek deur die polisie, sal die verdere toekoms van die persoon se betrokkenheid by die gemeente se kleuter/kinder en jeugbediening bepaal.
- Die gemeenteleierskap onderneem om pastorale sorg te verleen aan gemeentelede wat deur hierdie geleentheid geraak word.

**Wanneer ‘n volwasse leier vermoed ‘n kind word misbruik:**

- Wanneer ‘n kind bewerings van misbruik maak, moenie met groot skok reageer nie. Bevestig met die kind dat hy/sy veilig is by jou en dat dit die regte ding was om vir jou te vertel.
- Moenie aan die kind belowe dat jy die saak geheim sal hou nie.
- Indien die saak met die kind se gesin/familie verband hou, moenie self met die ouers gesels nie.
- Skryf presies neer wat die kind vir jou gesê het of wat jy waargeneem het wat jou laat vermoed dat die kind misbruik word. Onderteken en dateer die dokument en neem dit dadelik na die bediening se leier toe.
- Die bediening se leier moet dit dadelik aan die gemeente se leierskap rapporteer.
- Die saak moet dadelik by die naaste Kinderbeskermingsorganisasie, naaste Badisa kantoor of Suid Afrikaanse Polisie kantoor gerapporteer word, wat ‘n onafhanklike ondersoek sal doen en aanbevelings sal maak oor ‘n plan van aksie.
- Indien die kind in onmiddellike gevaar is, moet die saak ook by die plaaslike polisiekantoor aangemeld word.

## 8. Vorms

Hierdie is die vorms wat voltooi kan word vir die National Register for Sexual Offenders. Die vorms kan gepos/ koerier word na die registrateur van die NRSO by:

The Registrar

Private Bag X81, Pretoria, 0001

Tel: 012 315 1656,

Alternatiewelik kan dit ge-epos word na nrso@justice.gov.za

Vind uit by julle plaaslike kinderbeskermingsdienste of hulle direkte aanlyn-toegang het tot die NRSO, en of hulle behulpsaam sal kan wees om die uitslae te kry.

FORM 29

**INQUIRY BY EMPLOYER TO ESTABLISH WHETHER PERSON'S NAME APPEARS IN PART B OF NATIONAL CHILD PROTECTION REGISTER**

**(Regulation 44)**

**[SECTION 126 OF THE CHILDREN'S ACT 38 OF 2005]**

TO: The Director-General
Department of Social Development
Private Bag X901
PRETORIA
0001

Dear Sir / Madam

In terms of section 126(1) / 126(2)* of the children's Act, (No. 38 of 2005), I ………………………………………………………………… wish to inquire whether the name of a certain person is included in Part B of the National Child Protection Register. The particulars of the person are:

(* - Delete which is not applicable)

| **1. PERSON DETAILS:** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Surname** | | | **Full name(s)** | | | |
| **Gender:** | **M** | **F** | **Date of Birth:** | **DD** | **MM** | **CCYY** |
| *** He / she is known as:** | | | **Driver's licence no:** | | | |
| *** ID no:** | | | *** Passport no:** | | | |
| **Physical Address:** | | | **Postal Address:** | | | |
| *** Telephone no:** | | | **Mobile no:** | | | |
| **The above-mentioned person will be / is currently* employed in the following position** | | | | | | |

| **2. DETAILS OF EMPLOYER - (My / our details are the following :)** | |
|---|---|
| **Employer's name or name of NPO:** | **NPO Registration number:** |
| **Employer's Physical Address:** | **Employer's Postal Address:** |
| **Employer's telephone no/s:** | **Other contact details:** |

| **3. ATTACHED DOCUMENTS:** |
|---|
| **A certified copy of the following documents is attached as verification of identity**: |
| ☐ authentic signed letterhead of employer or prospective employer |
| ☐ certified copy of birth certificate, identity document or passport of person who signed letterhead |
| ☐ certified copy of birth certificate, identity document or passport of person to be screened. |

**Please note that section 126(5)*(a)* of the Act (in the case of prospective employers) requires you to respond to this inquiry within 21 working days, and within six months (in the case of existing employers) in terms of section 125(5)*(b).***

**Yours sincerely**

____________________________ ____________________________________________

**(Signature)** **(Designation)**

______________________________________________________

**(Date)**

| **Official Stamp of employer/ Organisation** |
|---|
| |

**VORM 30**

**INQUIRY BY PERSON TO ESTABLISH IF HIS / HER NAME IS INCLUDED IN PART B OF NATIONAL CHILD PROTECTION REGISTER (REGULATION 50(1)(b)) [SECTION 126(3) OF THE CHILDREN'S ACT, (No 38 OF 2005)]**

TO: The Director-General

Department of Social Development

Private Bag X901

Pretoria

0001

Dear Sir / Madam

In terms of section 126(3) of the Children's Act, (No. 38 of 2005), I _____________________________

________________________________________________________________ (full names and surname) wish

to enquire whether my name is included in Part B of the National Child Protection Register. A certified copy

of one of the following documents is attached as verification of my identity.

| **1. IDENTIFYING DOCUMENTS:** |
|---|
| ☐ birth certificate (only if not in possession of identity document or passport)<br>☐ identity document<br>☐ passport<br>☐ other |

**In the event that my name has been included in Part B of the Register, kindly furnish reason why this was done. My personal details are:**

| **2. CONTACT DETAILS:** | |
|---|---|
| **Postal address:** | **Physical address:** |
| *** Email:** | |
| **Telephone No:** | *** Cellular No:** |

(* - if applicable)

**Please note that section 126 of the Act requires you to respond to this inquiry within 21 working days.**

**Yours sincerely**

_____________________________ _____________________________

**(Signature)** **(Date)**

Dokument is in April 2023 opgestel deur Ds M. Thirion, Ontwikkelingsbeampte van Little Seeds Eenheid vir Vroeëkindontwikkeling (‘n Program van Badisa).

Kontakbesonderhede:
Epos: info@littleseeds.org.za
Webwerf: www.littleseeds.org.za
Facebook Blad: @LittleSeedsUnitforECD